Hoërskool Oosterlig
Rekeningkunde Graad 9
Opdrag – 5

Datum uit: 9 Julie 2020 Datum in: 16 Julie 2020

Naam: _____ Klas: _____

Daar word van jou verwag om die volgende te doen in die boeke van Tshepo Handelaars vir Maart 20..:

8.1 Voltooi die joernale vir Maart 20.. Sluit die joernale aan die einde van die maand af.

Sommige saldo's in die Algemene Grootboek op 1 Maart 20..:

Toerusting, R28 200.
Handelsvoorraad, R14 100.
Krediteurekontrole, R22 900.
Skryfbehoeftes, R340.
Verpakkingsmateriaal, R120.
Brandstof, R3800.
Lone, R2 300.

Saldo's in die Krediteure grootboek op 1 Maart 20..:

Pillay Vervaardigers, R3 400.
Smith Verspreiders, R8 200.
IJ Garage, R2 000.
Grove Handelaars, R ?

Transaksies: Maart 20..

1 Ontvang 'n rekeningstaat vanaf Pillay Vervaardigers. Reik tjek 410 ter betaling van ons rekening.
Koop skryfbehoeftes vanaf PN Skryfbehoeftes en betaal per tjek 411, R310.
6 Ontvang 'n faktuur vanaf Grove Handelaars vir goedere op skuld gekoop, R3 800. (Hernommer facture vanaf 181).
Koop die volgende vanaf Smith Verspreiders:
Handelsvoorraad, R1 800 minus 5% handelskorting.
Verpakkingsmateriaal, R140
8 Reik debietnota 38 aan Grove Handelaars uit. Grove Handelaars het vergeet om 20% handelskorting te gee. (Sien 6 Maart 20..)
14 Betaal Smith Verspreiders R4 000 met tjek 412 ter gedeeltelike betaling van ons rekening.
Wissel kontanttjek 413 uit vir lone, R2 100.
18 Koop brandstof vanaf IJ Garage vir R2 100 en ontvang hul faktuur vir die verskuldigde bedrag.
21 Reik debietnota 39 uit aan Smith Verspreiders vir verpakkingsmateriaal teruggestuur, R25.
23 Koop goedere vanaf Suki Handelaars en betaal met tjek 414, R4 340.
Reik tjek 415 uit aan IJ Garage ter betaling van ons skuld tot op hede.
25 Koop 'n rekenaar en drukker vanaf Smith Verspreiders op skuld vir R8 400 minus 20% handelskorting.
27 Koop goedere op skuld vanaf Grove Handelaars, R500.
28 Wissel kontanttjek 416 vir lone, R2 300.
Reik tjek 417 aan Grove Handelaars uit ter betaling van ons skuld op 1 Maart 20..
30 Reik debietnota 40 aan Smith Verspreiders uit tesame met die verkeerde drukker aan ons gelewer, R2 100 minus 20% handelskorting.
31 Koop fotostaatpapier vanaf Pillay Vervaardigers op skuld, R810.

8.1 Krediteurejoernaal van Tshepo Handelaars - Maart 20..

Dok.	Dag	Krediteure	Fol.	Krediteure kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede

8.1 Krediteure Afslag Joernaal van Tshepo Handelaars - Maart 20..

Dok.	Dag	Krediteure	Fol.	Krediteure kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede

8.1 Kontantbetalingsjoernaal van Tshepo Handelaars - Maart 20..

Dok.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Bank	Handels-voorraad	Lone	Krediteure-kontrole	Diverse rekeninge		
								Bedrag	Fol.	Besonderhede